Ek, Dr. Gerrit Etienne Bruwer, ID nommer 6908045088083, woonagtig te 59 Kommissarisstraat, Welgemoed, Kaapstad, en werksaam is as Kinderarts te Mediclinic, Durbanville, verklaar hiermee onder eed:

Op Vrydag 10/08/2018 om ongeveer 13h00 het ek by die Heidestrand Privaat Vakansie Oord aangekom en toegang verkry deur middel van afstand beheer wat net vir inwoners beskikbaar is. Ek het opgelet dat 'n vreemde motor my direk agtervolg deur die hek maar het aangeneem dat di took 'n inwoner is.

Nadat ek by ons familie se huis gestop het, het ek gesien dat die motor my tot tussen die huise gevolg het en onder in die toegangspad tot ons huis staan en dat 'n dame besig was om die bult na die huis toe op te stap. Ek het haar tegemoet gestap en haar gevra wat sy daar doen en of ek haar kon help. Sy het geantwoord dat sy 'n joernalis is en dat sy daar is om 'n foto van Barend du Plessis se huis te neem. Sy het spesifiek Barend du Plessis se naam genoem.

Ek het haar ingelig dat sy op private eiendom was en dat daar geen foto's geneem mag word nie en dat sy die plek onmiddellik moes verlaat. Ek het haar na haar motor begelei en dadelik met ons opsigter Klaas Vrolik gereël om toe te sien dat sy en die motor die oord dadelik verlaat.

Ek het die voorval aan Barend du Plessis rapporteer wie toe vir my per foon 'n foto gestuur het van 'n Netwerk24 verslaggewer, Me Maygene de Wee, en gevra het of dit die persoon was wie daar was. Ek het dadelik herken dat dit dieselfde persoon was soos op die foto.

Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring.

Ek het geen beswaar teen die aflegging van die voorgeskrewe eed nie.

Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend op my gewete.

Gerrit Etienne Bruwer

Geteken / Signed: C. Taylor

Datum / Date: 8/10/19

CHRISTINE TAYLOR
HOSPITAL MANAGER
MEDICLINIC DURBANVILLE
Praktyk / Practice No: 5808766
Ex Officio Kommissaris van Ede / Commissioner of Oaths